

## Die opdrag van seksuele voorligting

Die media is die afgelope week oorspoel met berigte oor 'n nuwe Lewensoriëntering kurrikulum wat in 2020 in die skole aangebied moet word. Daar was volgens *Sunday Times* 12 Mei 2019 ongeveer 100 sogenaamde kundige medewerkers wat gehelp het om hierdie kurrikulum op te stel.



Elke les gaan begin met een of ander yoga posisie en dan 'n "mindfulness" oefening. Volgens die berig is die ou kurrikulum onvoldoende want die term LGBTIQ word slegs 2 keer daarin genoem. Een van die medewerkers, Dr Marlene Wasserman bekend as dr Eve, meld dat dit 'n geïntegreerde kurrikulum is, wat beteken dat seksualiteit deel vorm van lewensoriëntering, maar ook verweef sal wees in al die ander vakke. Volgens haar is die kurrikulum gebaseer op die "Comprehensive Sexuality

*Education*" (CSE) of "Omvattende Seksuele Onderrig" (OSO), aangepas vir die Suid-Afrikaanse konteks.

Hierdie vreeslike verval kan direk toegeskryf word aan die vervanging van **Christelike norme** met algemene norme wat die deur oopmaak vir losbandigheid en skaamteloosheid. Die inhoud van die algemene norme word bepaal deur wat die meerderheid op 'n gegewe tyd goedkeur. Gewetensvorming kan dan baie moeilik plaasvind, want hoe kan 'n gewete gebind word aan iets wat vandag geld maar môre besluit die massas dat hulle nie meer daarvan hou nie en dan geld dit nie meer nie. Die gevolg is dat ons in 'n normlose wêreld leef waar geen vaste reëls meer geld nie. Alles kan en mag gesê word en so aanskoulik as moontlik aangebied word. Die resultate sien ons in ons gedemoraliseerde samelewing.

Al hierdie dinge maak ons benoud! Waar laat dit ons as Christen-ouers? Op sosiale media word intense gesprekke hieroor gevoer, ouers wonder of privaat onderwys of tuisskool nie die antwoord is nie. Dit is ook reg so, as Christen ouers moet ons waaksaam wees en dit doen wat die Here van ons eis. Daarom is dit belangrik dat ouers besef dat hulle 'n opdrag van die Here ontvang het wat hulle in gehoorsaamheid moet uitvoer. Hierdie opdrag kan op twee gebiede aangespreek word nl. die ouerhuis en by die skool. Ons begin eers by die ouerhuis:

### Ouers:

Christen-ouers besef hulle het 'n verantwoordelikheid, 'n reg en 'n plig. Die mandaat wat aan Christen-ouers gegee word kom uit die opvoedingsopdrag wat ons in **Deut**

**6: 5** vind nl. “*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele krag. Jy moet dit aan jou kinders inskerp as jy in jou huis is, as jy oppad is, as jy gaan lê en as jy opstaan*”. Hierdie Ou Testamentiese opdrag word weer in die Nuwe Testament herhaal deur Jesus Christus. Die opdrag is TOTALE opvoeding van ons kinders tot TOTALE diens aan die Here. Dit sluit die seksuele opvoeding dus in. Ons geslagtelikheid is nooit los te maak van ons lewe as geheel nie.

Hierdie opdrag moet ouers gehoorsaam vanuit hul ouerlike **amp**, dit is 'n Goddelike roeping, 'n opdrag vanuit die Bybel. Dit is nie altyd 'n maklike opdrag nie en ouers wonder baie keer, wanneer die onderwerp van seksuele opvoeding ter sprake is, oor die volgende drie vrae:

Wanneer? (die geskikte ouderdom om seksuele opvoeding te begin);

Wat? (die inhoud van die seksuele opvoeding); en

Hoe? (watter woorde en metode kies ek om die kinders hierin op te voed)

As gevolg van die sensitiwiteit van die onderwerp skram baie ouers weg van hierdie opdrag, ja ook die Christen-ouer en skuif dit dan oor na die skool. Ongelukkig maak die verseksualiseerde samelewing dit ook nie juis makliker nie. Kinders kry verdraaide inligting deur die televisie, rekenaars, selfone ens. Die kern van die verdraaide boodskap is die totale liggaamsaanbidding en die verheerliking van de mens. Alles is geoorloof, alles word beproef en alles word toegelaat.

## **Skool**

Die skool vervul 'n baie belangrike rol in die opvoeding van kinders, maar ouers mag nooit hul ouerlike amp oordra na die skool nie. Die skool het nie 'n amp nie, die skool ontvang 'n taak of opdrag van die ouer om kinders te onderrig. As gelowiges weet ons dat vakonderrig nooit losstaan van die Woord van die Here nie, dus gaan vorming van die kind ook in die skool plaasvind. Wanneer die onderwyser die metamorfose van die sywurm verduidelik gaan hy ook die kind lei tot verwondering oor God se Skepping. Dit is vorming. So gaan vorming ook t.o.v. die liggaamlike plaasvind. In die lewenswetenskappe word die menslike anatomie behandel, dit kan nooit losstaan van hoe mooi die Here die mens geskape het nie. Die skool het dus 'n onderrig en vormende taak of opdrag. Die ouer(s) moet vanuit sy/hulle ouerlike amp toesien dat hierdie take uitgevoer word ooreenkomstig die norme van die Bybel.

Die taak van die ouer kan dus oorgedra word na die skool, maar die uiteindelijke verantwoordelikheid lê steeds by die ouer. Wanneer daar in die klas vrae oor die seksuele opduik moet die onderwyser die kind met begonde antwoorde vanuit die Skrif begelei. Dink bv. net aan die Bybelklas, kinders lees ook van Lot en sy 2 dogters, Hooglied of die vrou wat aan bloedvloeiing gelei het ens.

## **Wat is die norm?**

Die Skrif leer ons die volgende: die voorval met Lot en sy dogters word genoem sonder om grafiese detail te verskaf. Die Bybel handel dus altyd terughoudend as dit oor die seksuele sonde gaan, dit word nie eksplisiet beskryf nie. Wanneer die seksuele as 'n wonder van God beskryf word, dan word die skoonheid daarvan beklemtoon, dit is mooi, goed en lieflik.

Die Bybel is nie 'n handboek vir seksuele onderrig nie, maar gee die **norme** vir seksuele opvoeding.

Vanuit hierdie norm moet ons as gelowige ouers opgeroep word om kennis te neem van die voorgestelde kurrikulumwysiging en vanuit ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing die

OSO beoordeel. Om dit te kan doen moet ons bewus wees van die inhoud van hierdie OSO wat die basis vorm van die SA kurrikulumwysigings.

## **Wat is die sogenaamde OSO?**

### **Hierdie kurrikulum het die volgende ten doel:**

- Opvoeding, oor seksualiteit van mense, seksuele en reprodktiewe gesondheidsopleiding;
- MIV/vigs-voorkomingsopvoeding;
- Lewensvaardigheidsprogramme; en
- Regte-gebaseerde seksualiteitsopvoeding.

Bogenoemde doelstellings lyk oënskynlik skadeloos, maar in lande waar OSO reeds geïmplementeer is (insluitend die VSA, die Verenigde Koninkryk, Australië, Swede, ens.) is dit duidelik dat OSO 'n ander agenda het, naamlik die radikale seksualisering van ons kinders.

In hierdie verband verklaar die Amerikaanse Kollege vir Pediatrie dat die OSO veel verder gaan as seksuele voorligting en is 'n gevaarlike aanval op die gesondheid en onskuld van kinders.

## **Wat is die metode en inhoud wat aangebied word?**

OSO word baie grafies aangebied en seksuele gedrag met hoë risiko word as gesond en normaal bevorder.

Dit is nie ongewoon dat OSO-programme, kinders so jonk as vyf jaar oud (in Suid-Afrika met die nuwe kurrikulum vanaf 9 jaar) onderrig om:

- verkenning van diverse seksuele oriëntasies en geslagsidentiteite aan te moedig;
- seksuele plesier te bevorder (masturbasie) en losbandigheid as 'n reg vir kinders;
- aborsie veilig en sonder gevolg te bevorder;
- om die gebruik van kondome by kinders te bevorder (so jonk as nege jaar oud!);
- om seksuele berading, inligting of dienste aan minderjariges te bevorder sonder toestemming van die ouer;
- om kinders en jeugdiges te leer dat hulle vanaf geboorte seksueel is; en
- om kinders op te lei om te veg vir hul "seksuele regte" in wette en beleide, ens.

Regerings (veral in ontwikkelende lande) word onder druk geplaas deur die VN (wat OSO deur agentskappe soos die Wêreldgesondheidsorganisasie, UNAIDS, UNESCO, UNICEF, ens. bevorder) om OSO te implementeer - *onder die dekmantel dat dit tienerswangerskap, MIV / Vigs en seksueel oordraagbare siektes (sos) sal verminder, geweld teen vroue sal voorkom en sal help om geslagsgelykheid te bereik*. Alhoewel dit as "bewys effektief" beskryf word, is daar te min bewyse dat die OSO-program wel slaag. *Om verdere inligting oor die OSO te vind, klik op die volgende skakel; <https://www.comprehensivesexualityeducation.org/>*

## Hoe voel ouers?

- Bekommerd, veral die wat 'n Christelike of meer konserwatiewe wêreldbeskouing het;
- Vra tereg oor die wanneer, wat en die hoe?;
- Wat gebeur as hulle nie saamstem met die OSO-inhoud nie - sal hulle die reg hê om hul kinders te weerhou van sekere lesings of materiaal?; en
- Sal hul kinders vir MIV / Vigs getoets word, of na 'n aborsiekliniek verwys word sonder hul kennis en toestemming?

## Hoekom wil die departement die kurrikulum aanpas?

Volgens inligting word beweer dat SA (+ 20 ander Oos-en Suid-Afrikaanse lande), op versoek van UNESCO en ander VN-agentskappe, 'n internasionale verbintenis het om OSO te implementeer.

Die Departement verseker dat hulle 'n kontekstuele benadering tot die implementering van OSO in Suid-Afrikaanse skole sal volg.

Dit behels die vind van “**Afrika-oplossings vir Afrika-probleme**”. Hul maak onder meer melding van die hoë infeksiekoers van MIV/vigs in Suid-Afrika (2000 kinders per week), die uitdaging om swanger meisies op skool te hou, geslagsgebaseerde geweld, gebrek aan kennis rondom menstruasie, gebrek aan behoorlike sanitasie, ens.

Die fokus van OSO se “*seksualiteitsopvoeding*” sal die volgende wees: inligting oor die basiese anatomie van kinders, die erkenning en hantering van fisiese en emosionele veranderinge tydens puberteit, MIV/vigs en seksueel oordraagbare siektes, tienerswangerskap, ens. Volgens hulle sal die kernboodskap wees dat die beste metode (om HIV/vigs-infeksie, tienerswangerskap te voorkom) onthouding is. Kinders sal ook geleer word dat hy die reg het om nee te sê vir seks. (Dit is belangrik in die lig van statistieke wat getoon het dat kinders se seksuele debuut nou vanaf **16 na 11** jaar verskuif).

In die laaste instansie sal hoërskoolkinders geleer word dat as jy nie onthouding kan toepas nie, ten minste kondome gebruik word. Die OSO se fokus is dus op voorkoming.

As voorkoming misluk het en 'n meisie swanger geword het, moet kinders geleer word dat die seun en die meisie 'n verantwoordelikheid het om die kind te versorg of kennis dra van ander opsies wat oorweeg kan word nl. om die kind te behou en skoolopleiding te voltooi, aanneming en as die laaste uitweg aborsie.

Hierdie “*seksualiteitsopvoeding*”, wat ouderdomsgeskik, wetenskaplik en kultureel / godsdienstig relevant sal wees, sal dan deel vorm van die (breër) lewensoriëntering program in openbare skole.

Bogenoemde inhoud is dus nou volgens die media verwerk in nuwe handboeke wat in 2020 uitgereik gaan word. Hierdie inhoud sal aan kinders geleer word sonder dat ouers geraadpleeg is of toestemming verleen het.

Wat staan ons as Christen ouers te doen? Eerstens moet die departement weet waarom ouers bekommerd is oor OSO en moontlike oplossings vir hul besorgdheid voor te stel. Kommunikeer dus met die departement. Niks verhoed ouers om die pen op te neem en 'n skrywe te rig nie. Besoek ook die skakels hieronder en teken die petisie teen die implementering hiervan.

Ouers het ook die plig om hul ouerlike amp, soos deur die Here aan hulle gegee, uit te voer. Maak dus seker dat julle weet wat staan in jou kind se handboek en kommunikeer met die onderwysers van die skool. Ouers mag en moet toesien dat hul kinders se opvoeding in ooreenstemming met hul eie godsdienstige of morele sienings plaasvind, en kinders se eie godsdienstige en verwante regte, beskerm word. Dit hou in dat Christen ouers mag weier dat hul kinders aan hierdie inhoud blootgestel word.

Ons word verder ook opgeroep om in die besonder voorbidding te doen vir ons skole, skoolhoofde, leiers en onderwysers, ja almal gemoed met die onderwys.

### **Ten slotte:**

As Christene sal u saamstem dat ons bely dat elke mens na die beeld van God geskape is. Dit beteken dat die mens nie van die dier afstam nie, wat die grondslag of beskouing van die OSO is. Die OSO dokumente aanvaar daarom nie dat die mens na die beeld van God is nie en daarmee ook nie wat dit beteken om onder andere in die regte verhouding tot God te staan en sy wette te gehoorsaam nie.

As verteenwoordiger van God moet die mens voor die aangesig van en tot eer van God lewe. Dit beteken om elke dag na sy beeld vernuwe te word ( Kol. 3 :10). Hiervoor is die leiding van die Heilige Gees en die insig wat God se wette bied nodig. “Om God se beeld te vertoon, beteken dus dat ek met al my gawes, talente, tyd, kragte en middele God se gebooe (saamgevat in die liefdesgebod) moet uitleef en so my medemens en die hele skepping dien.” (B.J. van der Walt, 1995, *Bybelse Perspektiewe op die mens*, p.13). Die gelowige kind is dus nie uitgelewer aan sy/haar sondige natuur en aan elke gevoel of begeerte wat by hom/haar opkom nie, maar het ook 'n verantwoordelikheid ontvang om nugter en Geesvervuld (Efes. 5:18; 1 Petrus 2:11; 4:1,2) en selfbeheersd (1 Petrus 4:7; Gal. 5:16,22) op te tree.

### **Bronne:**

- Prof. Dr. J. Waterink, 1964, Opvoeding tot persoonlikheid
- J Veenstra, 1991, Van peuter tot puber
- Adv Nadene Badenhorst, 2018, Freedom of Religion South Africa, CSE in South African Schools – Sexuality Education, or Sex Education?
- Bybel. 1953 vertaling
- Dokument van CO deputate oor seksvoorligting, 2006/10/16 (Geen outeur)

### **Nuttige skakels en verdere leesstof:**

- Om verdere inligting oor die CSE te vind, klik op die volgende skakel; <https://www.comprehensivesexualityeducation.org/>
- Freedom of Religion South Africa: <http://forsa.org.za/contact-us/join-us/>
- Petisie teen die OSO kan op die volgende skakel gevind word. <https://www.comprehensivesexualityeducation.org/stop-cse-petition/>
- <https://www.joydigitalmag.com/afrikaanse-nuus/wees-ingelig-oor-gevaarlike-radikale-seksuele-regte-agenda-openbare-skole/>

Vriendelike groete

**Saskia Meijer**

Uitvoerende Hoof: Instituut vir Christelike Onderwys

Mei 2019